



**BO:** 'n Goeie teelbul, sê 'n Boran-boer, is een met 'n breë bors en 'n vol boud. Die bul se balans moet reg wees.

**LINKS:** Dr. Arnold Oosthuizen is 'n veearts op Ermelo wat deelyds met Borane boer. Hy sê sy opleiding as veearts help hom om 'n beter boer te wees en sekere situasies makliker te hanteer. FOTO'S: VERSKAF

# Boran troef droogte

'n Veearts van Ermelo het oor jare het 'n aangepaste Boran-stoetery opgebou. Talle faktore dra tot sy sukses by, maar die belangrikste, sê hy, is 'n liefde vir die Boran-ras.

**D**r. Arnold Oosthuizen, 'n veearts en Boran-boer van Ermelo, was op soek na 'n beesras wat waarlik gehard, aanpasbaar, vrugbaar en met 'n natuurlike weerstand teen bosluisoordraagbare siektes is. In die Boran kry hy toe 'n ras met al dié eienskappe en nog meer.

“Ek het in 1996 my eerste beeste aangekoop. Ek het weiding gehuur op De Roo-depoort 435 IS by Ermelo, Mpumalanga, en was meer spekulant as boer. In 2002 kon ek dié plaas koop en het toe eers 'n volwaardige, deelydse boer geword.”

Arnold praktiseer as 'n veearts op Ermelo en boer deelyds. Hy meen sy beroep het verseker dat hy die uitdagings van 'n beesboerdery makliker te bowe kan kom.

“My konserwatiewe benadering tot die opteel van die ras is ook vir my voordelig. Dit duur 12 jaar om tot 'n volwaardig geregistreerde dier te vorder.”

Die boerdery bestaan slegs uit Borane. Hy verhuur sy lande vir die saai van kontantgewasse en gebruik die gestroopte lande vir oorwintering. Hy saai sowat 15 ha Sugar-graze vir sy speenkalwers, terwyl sy dogter 50 ha sojabone bestuur. Die saaikomponent maak voorsiening vir winterweiding.

Hy het al met verskeie beesrasse te doen

gehad en het vinnig besluit met watter rasse hy nie wil boer nie. In 2002 het hy sy eerste Boran-bul gekry, wat een van die eerste Borane was wat Suid-Afrika betree het. Die bul was reeds sewe jaar oud en het vir die daaropvolgende ses jaar gewerk.

'n Liefde vir die ras is 'n uiters belangrike aspek, anders moet jy nie met die ras boer nie, meen Arnold. Die grootte van die beeste is iets waarvan 'n boer bewus moet wees.

“Die Boran is 'n mediumraamdier met koeie van sowat 450 kg wat kalwers van 50% haar gewig speen.”

## OPGETEELDE DIERE

Arnold het in 2007 by die Boran-beestelersgenootskap aangesluit. Hy besit 'n stoetery wat hoofsaaklik uit opgeteelde diere bestaan.

“Ek het nooit embrio-oorplantings oorweeg nie. Ek wou graag diere teel wat aangepas is vir my eie plaas en by my bestuurspraktyke inpas. Die gebruik van surrogaatmoeders bemoeilik ook die seleksie vir melkproduksie,” sê hy. Hy bedryf sy stoetery volgens die beginsels van 'n kommersiële boerdery.

Wat die droogte van die afgelope jaar betref, sê Arnold, die ras kan met ruvoer van 'n lae gehalte produseer. Dit is wel nie moontlik vir enige bees om op geen ruvoer te oorleef

nie omdat 'n bees 3% van sy liggaamsgewig per dag aan voer moet inneem.

“Die Boran reageer uitsonderlik goed op groen weiding van 'n goeie gehalte en kan van die veld af sonder byvoeding geslag word. Die ras reageer nog beter op 'n voerkraalrantsoen, maar die optimum verhouding van rantsoen en ouderdom van die dier in die voertydperk moet nog nagevors word. Die Boran se genetiese samestelling is deur die eeue aangepas om vleis van gras te lewer.”

## INENTINGSPROGRAM

Arnold volg 'n basiese inentingsprogram wat gegrond is op die siektes wat in sy streek voorkom, soos besmetlike misgeboorte, knopvelsiekte, sponssiekte, misiekte en miltsiekte. Hy volg geen dipprogram nie en sê daar is beeste op sy plaas wat in 13 jaar nog geen dipmiddel op hulle gehad het nie.

“Dit was nog nooit vir my nodig om 'n Boran op De Roo-depoort te behandel teen rooiwater of bosluigsiekte nie.”

Arnold se dekyd is van 15 November tot 15 Februarie en dan is kalfyd van September tot November.

“Die koeie op my plaas moet elke jaar 'n gespeende kalf lewer, anders verlaat hulle die kudde. Die kalwers word op omtrent 205 dae gespeen. Daarna word dragtigheidsondersoek op die koeie gedoen.”

Hy gebruik slegs kunsmatige inseminasie (KI) as hy 'n groot nageslag van 'n spesifieke bul wil hê. Hy het nog net verse kunsmatig geïnsemineer met 'n vastetyddekking ná sinchronisasie en dit was 60% suksesvol. Die bul nie silindries wees nie, maar kapasiteit, 'n goeie en reguit toplyn, 'n ligte, goed aangehegte skede en 'n skrotum-omtrek van 40-46 cm hê. Die ideale Boran-bul het 'n breë bors en 'n vol boud, sê Arnold. **LBW**

➤ NAVRAE: Die Boran-telersgenootskap, tel. 051 410 0966 of 051 410 0951; webwerf: [www.boran.org.za](http://www.boran.org.za).